HOOFSTUK
# 10 Opsomming

## Standaardkoers van BTW in SA is 14%

Bestaan uit alle goedere en dienste, uitgesluit privaatverkope deur persone van huishoudelike items, salarisse en lone, stokperdjies of enige ander private ontspanningsuitdagings, nulkoersitems en vrygestelde items.

## Nulkoersitems waarop die BTW koers 0% is

bv. bruinbrood, mielieprodukte, rys. lensies, gedroogde bone, vrugte, groente, melkpoeier, kookolie, eiers, geblikte sardyne en paraffien. Sluit in petrol en diesel (wat onderhewig is aan 'n brandstofheffing)

## Daar is geen BTW op vrygestelde items nie

Rente, eiendomsbelasting, uitvoerdienste, kinderversorgingsdienste, opvoedkundige dienste en dienste verskaf deur ondernemings sonder winsoogmerk.

## Berekening van BTW

BTW uitgesluit - $\frac{14}{100} \times \frac{\text{Verkoopsprys}}{1}$ BTW ingesluit - $\frac{14}{114} \times \frac{\text{Verkoopsprys}}{1}$

Berekening van verkoopsprys = $\frac{100}{100 + \text{bruto wins \%}} \times \frac{\text{Kosprys}}{1}$

## Metodes om BTW te bereken

- faktuurbasis (outomaties).
- BTW word verklaar en geëis wanneer die faktuur uitgereik of ontvang word
- Betalingsbasis (op aansoek met nodige motivering).
- BTW word verklaar wanneer betaling vir goedere ontvang of gemaak word.

## Oninbare skuld en BTW

BTW word betaal deur van die faktuurbasismetode gebruik te maak, wat beteken dat BTW betaal was wanneer die verkope van die goedere plaasgevind het, Indien oninbare skuld voorkom sal die BTW op die oninbare skuld bedrag bereken word dit kan dan teruggeëis word vanaf SAID soos Inset-BTW.

## Korting en BTW

Wanneer korting toegestaan word, word die BTW op die kortingbedrag bereken en die bedrag kan dan van SAID teruggeëis word soos inset-BTW.

## Goedere teruggestuur en BTW

Wanneer goedere teruggestuur word, word die BTW op die terugsendingsbedrag bereken en die bedrag kan dan van SAID teruggeëis word soos inset-BTW.

## Interne ouditering, interne beheer en etiek

- Dit is deur wet verpligtend om BTW aan SAID te betaal.
- Akkurate rekordhouding (fisiese rekords, brondokumente) moet gehou en geliasseer word.
- Akkurate rekordhouding sal verseker dat handelaars korrekte en akkurate inligting oor BTW aan SAID kan verskaf.
- Dit is immoreel en oneties on belasting te ontduik. Dit kom neer op bedrog.
- Dit is ook oneties om BTW te hef op nulkoers items en vrygestelde lewerings.
- Die interne ouditeur moet seker maak dat die onderneming akkurate rekords hou en berekeninge van Inset en Uitset BTW maak en dat die nodige opgawes soos vereis deur SAID deur die handelaar ingedien word(grootste hoeveelheid handelaars is geregistreer om ’n opgawe elke twee maande by SAID in te dien).

## Laat indiening van BTW

Hulle opgawes sal ’n boete van 10% van die bedrag swat op die BTW opgawe verskyn trek plus ’n persentasie saamgestelde rente, bereken vanaf datum wat dit ingedien moes word tot en met die datum wat die betaling ontvang is.